**TOM NEWBY SCHOOL EKSAMEN**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vak** | **Afrikaans Leesbegrip en Taal** | **Eksaminator** | **Mnr J. Ellis** |
| **Datum** | **November 2019** | **Totaal** | **45 Punte** |
| **Sessie** | | **Tyd** | **1 uur** |
| **Graad** | **4** | **Moderator** | **Mev M. Fourie** |
| **Spesiale instruksies/ toerusting** | **Geen woordeboeke mag gebruik word nie. Lees die vrae deeglik deur voor jy antwoord. Skryk asseblief netjies. Maak seker van jou spelling.** | | |
| Hierdie assesering is opgestel met die gebruik van notas en inligting beskikbaar in die Tom Newby inligtingsmaterial. Die memorandum of rubriek is opgestel tot 'n standaard, maar alternatiewe antwoorde of opinies word in ag geneem. | | | |
| **Naam:** | **Van:** | | **Graad 4:** |

Hierdie vraestel bestaan uit 2 afdelings:

**Afdeling A: Leesbegrip: __/30**

**Afdeling B: Taal: __/15**

**Afdeling A: Leesbegrip [30]**

**Kyk na die onderstaande woordbank om jou te help.**

| **Woordbank** | |
|---|---|
| **Afrikaans** | **Engels** |
| haas | hurry |
| brakkie | dog |
| tem | tame |
| troef | trick |
| greep | grip |
| nok | roof |
| skares | crowds |
| heerlik | delicious |
| toertjies | tricks |
| akrobate | acrobats |
| opgeleide | trained |
| koste | costs |



**Vraag 1: Lees die gedig 'Sirkus' en beantwoord die vrae. (18)**

**Sirkus.**



1 As my ma weer môre met my raas
oor ek iets vergeet het in my haas,
of word ek dalk verniet gestraf
oor ek altyd met ons brakkie blaf,
gaan ek sowaar by 'n sirkus woon
en al my toertjies daar vertoon.



2 Tiere tem ek met my sweep.
Ek troef die sterkman met my greep.
Glase op my kop balanseer
sal ek sommer gou aanleer!
Bungee-spring uit die tent se nok,
daarmee sal ek skares lok.



3 Nooit weer skool of huiswerk nie,
nooit weer spel of somme nie.
O, dit sal al te heerlik wees
as Ma van my in koerante lees.

- Antoinette Lourens

Woorde 103

1.1 Wat is die **titel** van die gedig? (1)

__________________________________________

1.2 Wie het die gedig geskryf? (1)

__________________________________________

1.3 Waarheen wil die kind gaan as sy ma met hom raas? (1)

__________________________________________

1.4 Waaroor raas die ma met die kind? (1)

______________________________________________________________________

1.5 Skryf 4 toertjies neer wat die kind by die sirkus kan doen of aanleer? (4)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

1.6 Watter toertjie sal jy graag wil aanleer? Hoekom sê jy so? (2)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

1.7 Is dit maklik om tiere te tem? Hoekom sê jy so? (2)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

1.8 Sê of die volgende stelling **waar** of **onwaar** is? (1)

**Die kind hou nie van spel en somme nie.**

___________________________________



1.9 Waar gaan die kind se ma van hom lees?

___________________________________

1.10 Hou jy van die sirkus? (1)

Skryf Ja of Nee: ________________

Gee 'n **rede** vir jou antwoord? (1)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

1.11 Gee 'n **sinoniem** vir die woord "**brakkie"** (reël 4). (1)

________________________________________

1.12 Gee **een woord** vir wanneer jy diere mak maak. (reël 6). (1)

________________________________________

1.13 Skryf 'n word uit reël 15 wat dieselfde beteken as **lekker**. (1)

________________________________________

**Kyk na die advertensie van Die Rooitent Sirkus en beantwoord die vrae.** **(12)**



1.14 **Pas die antwoord in kolom B sodat dit by die vraag in kolom A pas.**

**Skryf die letter van die antwoord in die blokkies onder die vraag.** (6)

| **Kolom A** | **Kolom B** |
|---|---|
| 1.14.1. Wat is die naam van die sirkus? | A) R30 per persoon. |
| 1.14.2. Wie doen toertjies by die sirkus? | B) Akrobate, narre en diere. |
| 1.14.3. Wanneer is die sirkus? | C) 14 – 16 Desember. |
| 1.14.4. Waar is die sirkus? | D) 100 jaar. |
| 1.14.5. Hoeveel betaal jy vir die sirkus? | E) John Barrable Hall, Hannekam straat, Benoni. |
| 1.14.6. Hoe oud is die sirkus? | F) Die Rooitent Sirkus. |

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.14.1 | | 1.14.2 | | 1.14.3 | | 1.14.4 | | 1.14.5 | | 1.14.6 | |

1.15 Sal jy graag na die Rooitent Sirkus wil gaan? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

____________________________________________________________

____________________________________________________________

1.16.1 Kies die regte antwoord. (1)

2.3.1 **‘Rooitent’** is ‘n:

A) Basis woord.

B) Samestelling.

C)Voorvoegsel.

D)Agtervoegsel

1.16.2 **‘verkoop’** is ‘n: (1)

A) Basis woord.

B) Samestelling.

C) Voorvoegsel.

D) Agtervoegsel.

1.17 Watter tipe sin is die volgende sinne? (2)

**‘n Stelsin, bevelsin, vraagsin of uitroepsin?**

| | |
|---|---|
| Waar koop mens kaartjies? | 1.17.1 |
| Koop kaartjies by die deure. | 1.17.2 |



**Totaal Afdeling A: ______/30**

**Afdeling B – Taal** **[15]**

2.1.Vul die ontbrekende **leestekens en skryftekens** in die volgende sinne in. (2)

Meneer sê Die sirkus kom na benoni

_______________________________________________________________

2.2 Kyk na die volgende prent. Onderstreep die regte **voorsetsels.** (1)



2.2.1 Die nar ry (op / in) die kar.

2.2.2 Hy het ‘n hoed (op / in) sy kop.

2.3. Onderstreep die regte **homofoon.** (1)

2.3.1. Die leeu spring deur die vier / vuur.

2.3.2 As die klok ly / lei / lui gaan die sirkus begin.

2.4. Skryf die **intensiewe vorm** van: (1)

2.4.1. warm - ________________________________

2.4.1=2. rooi - ________________________________

2.5. Kyk na die volgende prente en skryf die **antoniem** neer. (1)





2.5.1. mooi ____________________________

2.6. Skyf die **trappe van vergelyking** onder elke prent. (2)

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| goed | | |

2.7. Skryf die volgende sin in **verlede tyd.** (1)

2.7.1. Ons gaan na die Rooitent Sirkus.

______________________________________________________________

2.8. Skryf die volgende sin in **toekomende tyd.** (1)

2.8.1. Ek en my familie kyk na die diere.

______________________________________________________________

2.9. Skryf die volgende sin in **ontkennende vorm.** (1)

2.9.1 Almal geniet die toertjies.

______________________________________________________________

2.10. Voltooi die **tabel.** (2)

| **Woord** | **Meervoud** | **Verkleining** |
|---|---|---|
| sirkus | | |
| olifant | | |

2.11. Skryf die volgende woorde in die **regte orde. (STOMPI)** (1)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| met 'n bal | by die sirkus | Die narre | in die aand | Speel |

______________________________________________________________

______________________________________________________________


2.12. Onderstreep die regte **voegwoord.** (1)

2.12.1 Ons klap ons hande vir die akrobate, (maar / want) dit is baie mooi.

**Totaal Afdeling A: ______/30**

**Totaal Afdeling B: ______ /15**

**Groottotaal: ______/45**



**Grade 4 Afrikaans Exam November 2019**

**Performance Analysis**

(For teacher use only)

**Name and Surname:** ___________________________________ **Class:** ____________

**Section A (30)**

| Question # | 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5 | 1.6 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Possible mark | 1 | 1 | 1 | 1 | 4 | 2 |
| Learner mark | | | | | | |

| Question # | 1.7 | 1.8 | 1.9 | 1.10 | 1.11 | 1.12 | 1.13 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Possible mark | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Learner mark | | | | | | | |

| Question # | 1.14 | 1.15 | 1.16 | 1.17 |
|---|---|---|---|---|
| Possible mark | 6 | 2 | 2 | 2 |
| Learner mark | | | | |

**Section B (15)**

| Question # | 2.1 | 2.2 | 2.3 | 2.4 | 2.5 | 2.6 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Possible mark | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 |
| Learner mark | | | | | | |

| Question # | 2.7 | 2.8 | 2.9 | 2.10 | 2.11 | 2.12 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Possible mark | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 |
| Learner mark | | | | | | |